



STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

Deel VII.

19 September, 1952.

No. 9.

ARBEID MET SUKSES BEKROON NUSAS-FONDAMENTE WANKEL

Voorsitter Lewer Jaarverslag

„Ons Inrigting het die afgelope jaar gepresteer op elke gebied. Dit was 'n jaar van hoogtepunt op hoogtepunt, 'n jaar waar op ons met trots en dankbaarheid terug kan kyk.


Ons verenigings en hoofliggame kan vanaand hom elkeen op die skouer klop vir die skitterende suksesse wat hulle behaal het. Met reg het u in u voorsitters-verslag gekonstateer dat daar met groot ywer en vrug gearbei is. Resultate getuig vir hulleself, aldus mnr. Bouke Spoelstra, 'n oud-S.R.-voorsitter toe hy mnr. Johan Ligthelm namens die studente-masse bedank het vir sy besielende leiding as S.R.-voorsitter vir die jaar 1952.

Die laaste massavergadering is op 12 September in die hoofgebouaal gehou waartydens mnr. Ligthelm 'n volledige verslag oor die jaar se verrigtinge gelewer het en die nuutgekose Studenteraad die roer van sake oorgeneem het.

PENNINGMEESTERS-VERSLAG.

Mnr. „Van“ van Niekerk het met 'n eersterangse verrassing voor die dag gekom toe hy kon aankondig dat omtrent f650 weggesit is vir 'n reserwefonds wat opgebou word vir enige groot

onderneming wat die S.R. in die toekoms mag aandurf. Die nuwe (Vervolg op bladsy 2, kol. 2).



Mnr. V. E. d'Assonville en J. Ligthelm.

BESEMBOS VERSKYN OKTOBER

Ons verneem dat Die Besembos vanjaar 'n puik uitgawe sal wees. Etlike interessante artikels deur bekwame persone stoot die standaard van ons jaarblad baie hoër op as wat dit in die verlede al was.

Verskeie oorspronklike spotprente is uit die hand van mnr. Louis Haarhof ontvang en 'n pittige brief so reg na die smaak van 'n humoris is onder die aantreklikhede van die inhoud.

Veral die nuwe stelsel dat artikels deur ons professore nagegaan is om te verseker dat dit wel standaardwerk is, sal tot gevolg hê dat lesers van Die Besembos beslis waarde vir hulle geld gaan kry.

Die Besembos sal na alle waar-

Flowers are lovely;
Love is flowerlike;
Friendship is a sheltering tree.
—(Coleridge).

The miracles of earth are the laws of heaven.—(G. P. Richter).

Uit hoogstaande kringe word glo fluisterpraatjies gehoor as sou ou Preller Vetstêr as lewenslange lid van die Senaat benoem is.

skynlikheid vroeg volgende kwartaal verskyn.

Eregraad

Op 26 September vertrek die rektor, Prof. J. C. van Rooy na Nederland met die Capetown Castle om 'n Ere Doktorsgraad in die opvoedkunde te ontvang.

Prof. van Rooy sal hopelik die 11e Oktober in Amsterdam arriveer waar hy by Prof. Dooyeweerd, Rektor van die Vrije Universiteit sal tuisgaan.

Op 20 Oktober vind die gradeplegtigheid plaas by welke geleentheid 'n Ere Doktorsgraad in die Opvoedkunde aan Prof. van Rooy toegeken sal word.

Dit kan as 'n unieke prestasie en 'n besondere eer beskou word aangesien daar nog net 8 Eere Doktorsgrade deur die V.U. toegeken is.

GROETE VAN P.U.

By daardie geleentheid sal Prof. van Rooy 'n spesiale boodskap van die Raad van die Potchefstroomse Universiteit oorhandig aan die Direkteure van die Vrije Universiteit van Amsterdam.

Op 30 Oktober vertrek Prof. van Rooy weer vanaf Southampton met die Sterling Castle en hoop om op 13 November in Kaapstad te arriveer.



PROF. VAN ROOY

NUSAS-TAK OP U.S.

Op Woensdagaand, 13 Augustus is 'n Nusas-tak op Stellenbosch in die lewe geroep ten tye van 'n vergadering in die Uitspan-kafee.

Mej. Pat Arnett, nasionale Presidente van die organisasie het die vergadering toegespeek. Ander persone teenwoordig, was mnre. J. Kirsten, gewese S.V.R.-voorsitter van U.K. en B. Pogrand, die Nasionale Navoringsdirekteur.

Uit betroubare bron word verneem dat na afloop van die vergadering sesien persone hulle bereid verklaar het om toe te tree tot die organisasie.

DIPLOMADAG WORD INGESTEL.

Diplomadag waarop diplomas aan U.O.D.'s, onderwysdiplomas aan persone in musiek, huishoudkunde ens., sowel as medaljes aan studente uitgereik sal word, sal hopelik plaasvind op die 28ste of 29ste November.

GRADEDAG.

Hoewel daar sterk sprake was dat gradeplegtigheid aan die einde van die jaar moet plaasvind, het die Raad en Senaat grade-dag bepaal vir volgende jaar, 21 Maart.

'n Argument.

Op 'n onlangse gehoue dans aan die Universiteit van Natal, is daar gebruik gemaak van 'n professionele naturelle-orkes.

Nadat een van die Senaatslede kaspie daarteen gemaak het, het die S.R. die volgende argument aangevoer: In ons huise word ons deur nie-blankes bedien, waarom kan ons nie op ons danse ook deur nie-blankes met musiek bedien word nie!

BELANGRIK VIR ALLE FIETSRYERS:

Alle fietseienaars moet daarop let dat hulle die registrasienummers van hulle fietse, tesame met die getal speke in elke wiel asook die vorm van die rad onverwyl by die huisvader moet inhandig. Indien enigeen dit nalaat kan hy moontlik as student gekors word.

Besoek Aan die S.A.U.K.



'n Baie geslaagde uitstappie van die plaaslike A.S.B.-tak het op Saterdag 6 September plaasgevind as afsluiting van die jaar se werksaamhede.

'n Besoek is gebring aan die Suid-Afrikaanse Uitsaai-Korporasie, wat gereël is deur mnr. Steve de Villiers. Die besoek was van hoogstaande aard en uiters leerzaam. Onder leiding van mnr. Jan Crafford is die studente in drie groepe verdeel en deur verskillende persone rondgeneem. Onder andere is hulle getoon hoe 'n program uitgesaai word, die groot diskoteek is aan hulle getoon en selfs plate is op versoek vir hulle gespeel!

BEDFORD FARM.

Om 12 n.m. het die groep van 90 studente na Bedform Farm vertrek waar hulle die middagete in die buitlug geniet het.

Die res van die dag is op gesellige wyse deurgebring met die speel van spelletjies en teen 4 n.m. kon hulle vertrek na 'n baie genoegsame, dog leersame uitstappie.

KLERASIE

vir die huisgesin

Alles wat u nodig het teen die
Laagste Pryse.

GROOT WAARDE!

KLEIN PRYSE!

Spesiale Behandeling vir
Skoliere en Studente.

BLACK EN KIE, BPK.

AFRIKAANSE
PERS-BOEKHANDEL

Kerkstraat, Potchefstroom

vir

STUDIEBOEKE EN
SKRYFBENODIGDHED

Direkte verbinding met
Oorsese Uitgewers.

“Steeds tot U Diens.”

Foon 363.

Bus 149.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNsoORTE

en

SPIRITUALIEË

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN

Foon 16

W. J. SPAVINS
EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede

Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65,
POTCHEFSTROOM.

Gordenking.

Psalm 23: 3: Hy verklik my siel, Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. Hierdie skone Psalm van Dawid word tereg genoem 'n Hemelse Herdersdig. Die digter spreek hier van sy betrekking tot God, en van die goeie dinge wat God as Herder vir hom gedoen het. Daarom kan dit hom nooit aan iets goeds ontbreek nie.

Opmerklik is die teenstelling met die voorafgaande Psalm, waarin die digter die smarte van die Herder, die gekruisigde Christus beween, en nou besing hy die vreugde wat die kudde smaak deur die genade van die Herder.

Die Here verklik sy siel. Sy swakke geloof word bekragtigt. God herstel en herskep die siel; Hy bring dit tot nuwe lewe. Sy verlore kragte word hernu.

Die krag van die gelowige bestaan daarin om te doen en te

volg. Ons moet onself en ons sondes oorwin, in vertroue op die genade van God, en deur die krag van selfverloëning.

En ons kán dit doen omdat God ons lei in die spore van geregtigheid, op reguit paaie wat na die regte bestemming lei. Want God het Homself geopenbaar as 'n God van genade.

Die gelowige wil ook gehoorzaam. Dit is 'n liefdesgehoorsaamheid waartoe hy gedring word deur die voorbeeld van Christus wat as Herder sy lewe vrywillig afgelê het terwille van sy kudde.

Daarom moet dit ons begeerte wees om gelei te word op die weg van heiligheid. Want dit geskied nie uit onself nie, maar uit God se vrye genade: Om sy Naam ontwil. Dit is tot Sy eer en verheerliking dat ons op die weg van geregtigheid moet wandel.

A.S.L.M.

Johan Sing Sy
Swanesang

Ons staan al weer aan die einde van 'n ander diensjaar en onwillekeurig kyk ons terug na dit wat verby is.

Baie is gedurende die jaar op verskillende gebiede gedoen. Daarom kan met reg gesê word dat daar veel sukses behaal is. Dit stem ons dan ook tot dankbaarheid. Verkeerd sal dit egter van ons wees om ons blind te staar teen prestasies en in die roes daarvan die toekoms in te gaan. Laat ons die goeie raak sien en daarop voortbou vir die toekoms. Ook was daar baie wat verkeerd gedoen is en daaroor kan ons nie heen stap nie. Dit moet ons ook raak sien en daaruit leer om dit vir die komende tyd te vermy.

Vir myself was die jaar besonder aangenaam. Daar was baie te doen en baie te leer. Altyd sal ek aangename herinnerings hê aan die jaar wat verby is.

Vergun my 'n woord van dank aan u almal dames en here studente van die P.U. vir C.H.O. Die steun wat die Studenteraad van u ontvang het, was vir ons 'n inspirasie om met ywer ons werk uit te voer. Laat my toe om in besonder te bedank, die lede van die Studenteraad. U lojaliteit teenoor my waardeer ek besonder baie. Lekker het ons saamgewerk. Dit sal ek altyd onthou. Ek dank u daarvoor.

Aan die Studenteraad van 1953: Ek wil u gelukwens met u verkiesing en u alle sukses toewens vir die jaar wat voorlê. Mag u in u arbeid die seën van

die Here ondervind.

Ek neem afskeid. Dit is met gemengde gevoelens. Heimweë



Mnr. Ligthelm.

die aftredende Voorsitter.

vervul 'n mens as jy dink dat alles nou verby is, maar 'n mens voel dankbaar teenoor die Here onse God, wat ons so getrou gelei het en in so 'n ryke mate geseën het. Laat ons dan met die oog gerig op Hom, die toekoms ingaan. Laat dit wees met 'n vaste vertroue dat Hy ons sal lei en ons planne sal uitvoer.

Mag dit ons ideaal wees om alleen te strew na dit wat hoog en edel is, naamlik om te soek na die eer van God.

Ek dank u,

J. LIGTHELM.

(Vervolg van bladsy 1, kol. 2).

stelsel van blokgelde het die S.R.-inkomste aansienlik verhoog.

Mnr. van Niekerk het hom in sy amptstermyn as 'n knap penningmeester openbaar waarvan nie alleen hierdie reserwefonds getuig nie maar ook sy hele reorganisasie van die finansiële sake van ons studenteorganisasies.

JAARVERSLAG.

Hierna het Mnr. Johan Ligthelm die stoel aan Mnr. D'Assonville oorhandig om sy jaarverslag voor te dra.

„Met dankbaarheid kyk ons terug op 'n jaar se verrigtinge. Met reg kan gekonstateer word dat in alle vertakkinge van ons studentelewe met groot ywer ge-
arbei is. Resultate getuig dan ook

van die sukses wat behaal is”.

Korps Veritas Vincet spog nie alleen met skitterende programvergaderings nie maar beoog die publikasie van 'n blad om ons Calvinistiese beginsels in die openbaar uit te dra. Die eerste nommer sal vroeg volgende jaar die lig sien. A.S.B. spog met 'n minister as spreker op een van sy programvergaderings, 'n uitstappie van hoë opvoedkundige waarde na die S.A.U.K. en verskeie ander hoogtepunte in sy program van aksie. Die A.S.O. se toer na S. Rhodesië het 'n wins van omtrent £650 opgelewer (sien Kunsrubriek op bls. 3). Thalia het vir die eerste maal in baie jare 'n wins van drie syfers behaal en oorhandig binnekort (Vervolg in kolom 5).

Die Wapad.

19 SEPTEMBER 1952.

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE.

Hoofredakteur: P. J. W. Louw.

Tegn. Adviseurs: J. A. van Rooy, A. J. R. Vermeulen.

Verslaggewers: D. F. Erasmus (Sport); L. Coetzee (Kuns); J. J. Henning (Alg.); F. R. P. de Bruyn (Varia); G. Swanepoel (Fotograaf); Mejj. C. C. Ludolff (Sport); M. V. van Heerden (Varia).

Administrasie: J. J. Bekker (Voors.); P. du Plessis, J. Schutte; J. Buys; D. Strydom.

ONGESONDE
VERKIESINGSTRYD.

STRYD IS BESLIS DIE GESONDSTE TOESTAND WAARIN 'N VOLK OF VOLKSGROEP KAN VERKEER: DIT SKERP BEIDE KANTE WAT IN DIE STRYD BETROKKE IS OP OM HOM WEEREENS VAN SY BEGINSELS TE VERGEWIS, DIT RUK 'N MENS UIT DIE GROEF EN ROETIENE VAN DIE DAAGLIKSE LEWE EN VERPLIG JOU OM AANDAG TE SKENK AAN DIT WAT TEN GRONDSLAG VAN JOU HELE LEWENSWANDEL EN LEWENSUITINGE LÊ.

Tydens die jongste verkiesings het 'n heftige en 'n bittere stryd in ons studentelewe ontken—'n stryd wat 'n wrange smaak in die mond nagelaat het. Dit was soos 'n Burger-oorlog wat 'n kloof tussen mense geslaan het wat deur die menigvuldige verbande van die lewe aanmekaar verbonde was en tot mekaar aangetrokke gevoel het. 'n Oonatuurlike kloof is ons studentemassa geslaan EN DIE NAAM VAN DIE KERK was gebruik om die skeiding teweeg te bring. Ons gaan nie op die feite hier in van wie die stryd begin het en waarom die stryd ontken het nie.

Maar laat ons die saak suiwer vanuit 'n prinsipiële lig besien:

Ons verkeer aan 'n universiteit wat hom op 'n Christelike grondslag stel. Dit gaan dus hier om Christus en die ere van sy Naam. Alles wat ons hier verrig—of ons nou sport beoefen of besig is met boeke, of ons bedrywig is in ons studente-organisasies en of ons gesellig ontspan—alles moet gedoen word in die diens van Christus. As daar dan 'n stryd ontstaan onder die studente, dan is die enigste geregverdigde stryd—'n stryd terwille van die Christelike naam van ons Inrigting. As een kerkverband oorwegend verteenwoordig is op die Studenteraad en hulle slaan 'n liberale of nie-Christelike rigting in, is dit ons plig en roeping om as Christene die stryd aan te knoop en te stry vir die saak van Christus.

Geen waaragtige en opregte Christen sal sy Kerk bo Christus stel nie!

In die verlede is daar van geen kant teen 'n kerk gediskrimineer nie—oorgenoeg bewyse kan daarvoor gelewer word. Enige man wat in die verlede getoon het dat hy beginselvas is en erns van sy Christenskap maak, is gedra deur die grootste gedeelte van die studente en gewoonlik in een van ons sleutelposisies geplaas deur vrye stemreg as hy daarvoor bekwaam was.

Baar laat ons nou onself 'n bietjie afvra waaroor die jongste stryd gegaan het:

Het dit gegaan oor Christus en die ere van sy Naam? Of is dit uit 'n oppervlakkige KERKCHAUVINISME gebore?

Beide kante moe homself terdeë hiervan vergewis of hy hom nie in 'n mindere of meerdere mate skuldig gemaak het aan hierdie gruwelike soort chauvinisme nie.

Só 'n stryd is verseker nie gesond vir ons nie. Dit is kleinlik om oor so 'n saak 'n jong Burger-oorlog te laat ontken terwyl ons as 'n Calvinisties-georiënteerde studentegemeenskap aan 'n Christelike Inrigting so 'n heftige stryd na buite te voer het teen uitlandse kommunistiese en liberalistiese elemente wat ons bestaan bedreig.

BOODSKAP VAN 1953 SE STUDENTERAAD.

Die wiele rol voort in „Die Wapad” en as Spanleiers van 'n nuwe skof, het die Studenteraad van 1953 met die grootste verantwoordelijkheid sy taak aanvaar.

Ons weet dat op ons skouers 'n besondere taak rus. U, geagte studente, weet dit ook en dit laat ons klein voel. Mag daardie besef en wete dan vir ons almal 'n aansporing wees! Ons is geroepe om te bou op die goeie fondamente van die verlede! Ons is geroepe om te herstel waar daar op die hede skeure in ons mure is!

Laat student en student dan mekaar se hand neem en laat die ou liedjie „Ons is P.U.Kaners, opregte Afrikaners!” weer in ons polsslag klop.

Maar laat ons bowe-al weet dat ons almal draers van een banier is waarop die goue letters in die vlamme van 'n kandelaar blink: „In U Lig!” Dit bepaal ons doel,

maar ook die wyse waarop die doel bereik word.

Mag u nie in hierdie Studenteraad teleurgesteld wees nie!

Laat ons die hand aan die ploeg slaan en nie omkyk nie!

V. E. d'Assonville
(Voors., S.R.).

(Vervolg van kolom 3).

amptelik 'n £100 skenking aan die Rektor ter stywing van die fonds om 'n regs fakulteit verwezenlik te sien. Die Debatsvereniging spog met drie inter-universitêre debatte asook 'n goedgeslaagde redenaarskompetisie.

Op sportgebied het dit voor die wind gegaan. Theos se kanse om besitter te word van beide die Nesper- en die Blainebeke is rooskleurig, die O.19A-span is feitlik seker van die beker in die 3e liga, korfbal het alreeds die

(Vervolg op bladsy 4, kol. 1).



Kuns as Offer

NET SOOS DIT DIE VOORREG VAN 'N KLEIN PERSENTASIE VAN ONS BEVOLKING IS WAT HOER ONDERWYS KAN GENIET, IS DIE GROEPIE UIT ONS VOLK WAT DIE GELEENTHEID VIND OM HULLE KUNS-AANLEG TE ONTWIKKEKLUITERS KLEIN. DEUR VERSKILLENDEN FAKTORE WORD MENSE DIE GELEENTHEID ONTNEEM OM HULLE TALENTE TOT ONTPLOOING TE LAAT KOM. DIT IS EGTER OPMERKLIK DAT DIESELFDE PERSONE WAT HOER ONDERWYS KAN GENIET, OOK DIE GELEENTHEID VIND OM OP KUNSGEBIED TE PRESTEER.

Alabama Orkes.

Om die aksie wat van A.S.O. in die jongste tyd uitgaan het, na reg te waardeer, kan nie met die eerste indruk gedoen word nie. Almal stem volmondig saam dat die opvoerings vir die minder gededes, niks anders as 'n lofwaardige gebaar is nie. Hierdie gevolgtrekking word meestal gemaak by die gedagte aan hierdie mense se ekonomiese posisie. Bo en behalwe die ekonomiesestaan ongetwyfeld die geestelike waarde wat hierdie aanbieding vir hierdie mense het.

In die eerste plek word hulle daarvan bewus dat hulle óók deel is van 'n gemeenskap, waarvan die ander lede en groepe persone ook in hulle belangstel. Daarnaas kom die volksgeedagte. Meeste uit hierdie armer groepe verbreek die bande wat hulle aan 'n volk bind totaal.

Ons het dus hier te doen met 'n geval waar ontwikkelde kunstalent gebring word as offer om 'n medemens geestelik op te hef en te verryk.

Thalia Bestry T.B.

Hoewel die offer wat deur A.S.O. gebring word groter is as wat in geldsomme bereken kan word, speel geld vandag 'n uiters belangrike rol as hulpmiddel vir hulle wat sekere voorregte moet ontbeer. Daarom het die 1952-bestuur van Thalia besluit om 'n helpende hand te reik aan die teringraad. „Gif en Onjongnootiens”, wat met soveel sukses op 18 Transvaalse dorpe aangebied is, sal naamlik op 15 Oktober te Potchefstroom op die planke gebring word ten bate van die genoemde saak.

Musiekgeselskap swak Ondersteun.

'n Besonder klein gehoor het op

11 September die musiekkonsert onder leiding van mnr. L. Schulze bygewoon. Hierdie konsert het hoofsaaklik bestaan uit uitvoerings deur die ensemble en koor. Verskeie persone het met waardering gepraat oor die gehalte van die aanbiedinge.

Dit is beslis jammer dat ons met hierdie konsert dieselfde verskynsel teë gekom het as met die Bogtman-uitvoering. Ons hoop maar dat die houding van die publiek teenoor hierdie twee konserte nie 'n aanduiding is dat die publiek afsydig staan teenoor alle aanbiedinge van ernstiger aard nie.

Plate-aande Noodsaaklik.

Die voorspel van plate van goeie gehalte is ongetwyfeld alerweë noodsaaklik in ons studente lewe. Die genotvolle Sondagaande wat reeds hierdeur aan ons gebied is, kan hierdie bewering staaf. Op hierdie terrein het mnr. Koos Bosman baanbrekerswerk verrig waarvoor hy die hoogste lof en waardering verdien.

Die wenk om hierdie aksie om te skep tot 'n vaste vereniging, met 'n bestuur en verteenwoordiging op die A.B.K.K., kan egter nie deur die A.B.K.K. (1952) aanvaar word nie. Ons studente lewe is reeds vol georganiseer en dit is gevoel dat 'n komitee onder beheer van die A.B.K.K. behoort te voldoen aan die gevoelde behoefte.

Wat die finansiëring van hierdie programme betref is daar onderhandelinge met die S.R. aangeknoop ten einde steun hiervoor te kry. Geen finaliteit is nog egter in die verband bereik nie.

PERSOONLIK.

Mnr. R. G. Amm, wie se diens tyd in 1953 verstryk is, word vervang deur mnr. Roelf Grové.

In die plek van wyle mnr. C. L. Olën is deur die Donateurs en Konvokasie gekies, mnr. Frans du Toit van Pretoria. Mnr. du Toit is 'n broer van die Registrateur, en voorsitter van Sasol.

Mej. F. C. Gonin lê haar betrekking op 31 Desember neer as gevolg van die ernstige siekte van haar vader. Sy is van voorneme om haar in die omgewing van Hermanus te gaan vestig, waar haar vader ook woonagtig is.

Mej. C. Nel, tans verbonde aan die Konservatorium vir Musiek, verlaat die inrigting op 1 Oktober. Mej. A. M. Scheepers, oud-studente van die P.U., is in haar plek benoem as junior klaviersdosente.

Meester C. M. Wimmers van Nederland het definitief berig dat hy die senior lektoraat in die Regte aanvaar. Verwag word dat hy Februarie a.s. die betrekking sal aanvaar.

STEMME VIR PIET SKAAPKOP.

Met die jongste verkiesing het 'n dertigtal intelligente Pukke toe mos oorspronklik geraak en was dit so hitte-te of ons het met Piet Skaapkop of ou Preller as S.R.-voorsitter opgeskep gesit. En dan het jy 'n ding gesien. Om die aap nou maar uit die mou te laat: Ou Preller en Piet Skaapkop moes as't ware hulle verdiende possies uitgeslaan het, maar beide moes seker met 'n betraande oog gesit het toe dit aan die lig kom dat nóg die een nóg die ander brosjure besit. Sam Kaan en Dalu kon dit miskien gemaak het maar vanweë die feit dat hulle twee so kommunisties geïntereerd is het die twee saam maar ses stemme op hulle verenig. Al vier verbeur dus hulle deposito's.

Op 'n volkspele-aand waar koeldrank bedien word: Hy: „Juffrou, sal u van 'n koeldrankie hou?” Sy (verlief): „Graag!” Hy: „Ek ook!”

TOETS JOU OE by M. SINGER

F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

OOGARTS

by die

MOOIRIVIER APTEEK

KERKSTRAAT 155,

Foon 380 POTCHEFSTROOM.

PLAZA

TEEKAMER

Foon 249 Kerkstraat 105

POTCHEFSTROOM.

Studente!

U word beskou as eregaste in die

• PLAZA •

en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

ELKE DAG VARS! TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD en alle KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

C. VAN DER MERWE

Kerkstraat 93, POTCHEFSTROOM.

Waarom sal jy loop as jy kan ry? ('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).

Bespaar TYD, KRAGTE EN SKOENE deur

'n Fiets aan te skaf.

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL

VIR BESTE DIENSTE.

Von Wiellighstraat 7, POTCHEFSTROOM.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES

J. TOD SUTTIE

KOMplete

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.

127 Kerkstraat,

Posbus 219 Foon 1

POTCHEFSTROOM

Ed. L. OOMS,

N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)

OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT OE-TOETS OP WETENSKAP-LIKE GRONDSLAG.

KERKSTRAAT 129

(Nasionale Bank-gebou)

Foon 980.

EIE OPTIESE SLYPERY.


Depôt: Carlzeiss-Jena.

P. W. BUYS

U verteenwoordiger van

REMBRANDT.

Kockstraat 28. Telefoon 897, POTCHEFSTROOM.



JAGSEISOEN

Om met 'n mauser te korrel en grootwild te skiet, om 'n De Wet-mes te vat en rugbiltong te sny... dit is die Afrikaanse lewenswyse. Maar of jy nou leus gaan jag of net bokke gaan skiet, Rembrandt word altyd verkies. Die sigaret gemaak van die room van die oes... ook dit is tipies Afrikaans.



KURK ONGEKURK, FILTER.....STANDAARD EN VAN RYN GROOTTE ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK

Kopiereg.

RA 117.

DAMES, BESOEK

LE CHARME

DIE MODERNE DAMES MODESAAK.

NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE

'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur,” maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry

10% korting op alle inkope.

Theos kan Nesar nog Deel

Met sy jongste nederlaag teen P.O.K. het dit nou onmoontlik geword vir Theos om die Nesar-beker te buit. Ons le span kan sake egter laat wend indien hulle môre die laaste wedstryd teen Klerksdorp wen. Verloor hulle hierdie wedstryd, dan verloor hulle die ligakompetisie. Wen hulle, dan word Theos medehouers van die Nesar.

Oorsaak van hierdie situasie is die nederlaag teen P.O.K. verlede Saterdag toe Theos 6—5 geklop is. Vir Normaal het Van Aardt geslaag met twee strafkoppe en vir Puk het Blom, die O-19 vleuel, 'n drie behaal na 'n besliste lopies langs die kantlyn af. Claasen het vervyf.

(Vervolg van bladsy 2, kol. 4).

Oswald-Fieldskild ingepalm terwyl ons S.U.-dames skoonskip gemaak het met die Tukkie-intervarsite. Dertien Tukke het Wes-Transvaal in die onderskeie sporte verteenwoordig, ens., ens., ens.

Mnr. Ligthelm het ten slotte hom as volg uitgelaat: „Dames en here, laat ons egter nie teen ons resultate vaskyk nie. Laat ons daarbo uitstyg en bewus wees dat ons gelei is deur die Here onse God. Wees in alles dankbaar teenoor Hom wat ons in so'n ryke mate geseën het. Laat ons in alles wat ons doen bewus wees van ons leuse: „In U Lig”.

BEKERS.

Die Corrie Van Rooy-beker is deur mej. Ina du Plessis verower. Ina het haar soos 'n Blankers-Koen gedra deur erekleure in korfbal, hokkie en tennis te verower. Aan mnr. J. I. Styger is die de Klerk-beker toegeken wat hy as die mees uitstaande sportman van die jaar ongetwyfeld eerlik verdien, en die wisselbeker vir die beste artikel in Die Besembos is deur Mnr. L. S. v.d. Vywer verower.

Mnr. Willem de Klerk het die verrigtinge met gebed afgesluit nadat die nuwe S.R.-voorsitter die stoel ingeneem het.

NUWE S.R.

Die nuwe Studenteraad is as volg saamgestel: Mnr. V. D'Assonville (voors.), C. Malan (ondervoors.), F. Gräbe (Skr.), W. S. v.d. Linde (Penningm.), P. C. Kruger, P. Snyman, J. Visser, P. Pelzer, L. J. Potgieter en mej. M. Coetzee en S. van Schouenburg.

PARKER EN KIE (EDMS.) BEPERK

Algemene Handelaars
in Ysterware

Foon 30 Bus 245
POTCHEFSTROOM.

Besproeiings-masjinerie en Toerusting voorsien en opgerig.

Werk gewaarborg.

Plaasimplimente en onderdele.
Gereedskap vir vakmanne.

Wapens en Ammunisie, Visgereedskap, Kombuisgereedskap, ens. ens.

Gedruk deur Die Westelike Stem,
Posbus 15, Potchefstroom.

MISVERSTAND.

As gevolg van 'n organisatoriese misverstand het Tribblehorn nie opgedaag nie. Visser mos toe loskakel toe verskuif word en Fanie Lombard moes inderhaas van die tennisbaan afgehaal word om op senter diens te doen. Sonder om Visser te na te kom—en hy't hom goed van sy taak gekwyd—kon ons agterlyn die verlies van Tribblehorn nie te bowe kom nie. Daarby het Styger vir Org Rautenbach gemis in die voorry. Spekkie v.d. Walt verdien alle lof vir die heldhaftige wyse waarop hy Org se plek volgestaan het maar mens kan nie daarby verby kom nie dat hy gans te onervare is vir 'n senior wedstryd.

Twee beslissende wedstryde lê nog voor—die teen Klerksdorp op 20 en 27 September—en met Org

buite aksie en die moontlikheid dat Hennie Muller se skouerbesering nie gou genoeg sal herstel nie, sal ons spelers handjie moet bysit met die oefeninge sodat Theos die sterkste span onder hierdie omstandighede op die veld kan stoot.

DAMES MAAK SKOONSKIP.

Met die afgelope intervarsite het die Puk-dames die Tukkie-asters somer behoortlik kaggedraf toe hulle nie een enkele neerlaag op die lyf geloop het nie. Tennis, korfbal, hokkie en skaak is alles deur hulle ingepalm. Pragtig!

Die maats het minder goed gevaar, hoewel nie sleg nie.

Dames Verower Oswald-Fieldskild

Ondanks aanskoulike korfbal so reg uit die boek kon ons dames nie die pyp rook teen Onderwys verlede Saterdag in Pretoria nie. Onderwys was een te veel vir die Pukke en het 'n klinkende oorwinning behaal om sodoende die Unieskild voor die Pukke se neus weg te raap.

UITBLINKERS.

Die spel wat by tye teen 'n ontsettende spoel gespeel is het droomkorfbal opgelewer. Vir die Pukke was dit 'n saak om lewe en dood. Die laaste speelster het eenvoudig haar beste gegee, maar Onderwys wat o.a. 'n paar oud-Pukke in hulle span gehad het, „was net te goed”. Ons hele span het gespeel of hulle lewe daarvan afhang en veral die kapteine Thesia Snyman, Cecelia Jordaan en Ina du Plessis het soos kampioene gespeel.

MOOI SO, DAMES!

Die Unieskild is nou wel nie verower nie maar Thesia en

„Spoorslag”.

Die Direkteur van Publikasies van A.S.B. het aan ons verslag-gewer meegedeel dat mnr. L. S. van der Vywer aangewys is as Hoofredakteur van „Spoorslag”, die amptelike orgaan van A.S.B.

Met belangstelling word uitgesien na die volgende uitgawe wat na verwagting vroeg in volgende kwartaal sal verskyn.

Studente!!!

Vir al u

HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.

besoek ons en wees verseker
van goeie diens.

**UNIE-
BOEKHANDEL**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 90.
Foon 497.

Met genoeë nooi ons die Studente uit om die enigste moderne

MEUBELWINKEL IN
WES-TRANSSVAAL

te kom besigtig.

Dit sal vir u 'n plesier wees om deur ons vertoonlokaal te wandel.

W. J. GROBBELAAR,
Mans- en Dames-
Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde

JAMAL MASJIENLOOS PERM

Bekwame Mans-afdeling.

Sigarette en Fantasia Goedere.

T. WEVER

BOEKHANDEL

en

ANTIkwARIAAT

vir al u

Wetenskaplike

Boeke

—:0:—

Volkskasgebou

Telefoon 1164.

Kerkstraat 62.

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

J. P. V.D. WALT,
L.F.V.

KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,

POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Aptek verlang word.

KOM SIEN ONS—

vir u

Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

STUDENTE ONTHOU!

CACHET STASIE
TEEKAMER

vir Heerlike

Warm Vleispasteitjies, Lekkers,
Sigarette, Vars Vrugte, Yskoue
Koeldranke, Koffie, Tee en Aller-
hande ander Lekkernye.

Oop daaglik van 9 vm. tot 9 nm.
'n Besoekie sal jou oortuig!

Beter Tabak *

maak Beter Sigarette



Kommando

Suid-Afrika se

gewildste sigaret

Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.